



moreleta
kerk

waar die **STROOM** van die **GEES LEWE** bring!

Lewe jy? | 2 Oktober 2022 | Ds. PC Pretorius

pc.pretorius@moreleta.co.za

Inleiding

Verwelkoming & Gebed:

Gee minstens 2 persone kans om te bid.

1. Is daar iets die week wat gebeur het waarvoor jy dankbaar is?
2. Watter uitdagings het jy hierdie week gehad?

Gee terugvoer oor laas week se DOEN SAAM uitdagings.

"Here, na wie toe sal ons gaan? U het die woorde wat ewige lewe gee. En ons glo vas en ons weet dat U die Heilige van God is."

Lewe jy regtig? Is ons besig om die lewe se oorvloed as vanselfsprekend te ervaar, of wil ons deur dankbaarheid vir die Here wys hoeveel ons die lewe wat Hy gee waardeer?

Die Heilige Gees gee lewe, en dit in oorvloed. Daarom wil ons hierdie week vra waarop sit ons die fokus van ons lewe? Is die fokus van ons tyd op die ewige of die tydelike?

Die Here gee vir ons antwoorde in die Woord, kom ons ontdek dit saam.

Wenke vir leier

- Hierdie week vra ons weer dieselfde vra rondom hierdie Skrifgedeelte.
- As leier moet jy jou groep motiveer om inwaarts en uitwaarts spesifiek te wees oor wat die Heilige Gees vir hulle sê om te gaan DOEN.

Lees saam **Johannes 6:56-69**

- Een persoon lees die gedeelte.
- 'n Tweede persoon vertel die verhaal so volledig moontlik. Moenie die gedeelte opsom of jou opinie gee van wat hier staan nie. Vertel so feitelik as moontlik.
- 'n Derde persoon lees die gedeelte vir 'n tweede keer.

Gesels saam

- Wat leer ons oor God (Vader, Seun, Heilige Gees) uit Johannes 6:56-69.
- Wat leer ons oor onself of ander mense in hierdie gedeelte?

Leer meer / kyk weer



Kliek hier vir verdere studie materiaal (video) van Rightnow media




Kliek hier om weer te kyk.

Doen saam


- **INWAARTS:** Waaroor het die Here met my gepraat in hierdie Skrifgedeelte waaraan ekself prakties moet aandag gee? (Wees so spesifiek as moontlik.)
- **UITWAARTS:** Hoe gaan ek hierdie week vir mense rondom my tot seën wees? Wat het ek uit hierdie Skrifgedeelte ontdek wat ek prakties moet gaan doen? (Dit kan ook wees dat daar nie 'n spesifieke ding uit die Skrifgedeelte self is nie, maar dat die Here vir jou iets anders sal wys wat jy moet gaan doen.)

Navrae

kringe@moreleta.co.za


 012 997 8100

Algemene info


 info@moreleta.co.za

012 997 8000

Bid saam

 Gebedsversoeke - 076 351 8383
gebed@moreleta.co.za

Hulp?

 **Berading** - Moreleta Wholeness Sentrum
wholeness@moreleta.co.za
012 997 8035